## Nel, M 1994 — Gemeentebou

Halfway House: Orion uitgewers. 320 bladsye. Prys: onbekend

**Resensent: Prof M J du P Beukes**

Die totale spektrum van gemeentebou kom aan die orde. Die teoretiese onderbou (deel I) word voorsien van 'n goed gefundeerde praktyk-model (deel II). Die bou-metafoor soos dit in die Bybel voorkom, word in deel I, hoofstuk 1, uitgewerk. In deel II, hoofstuk 2, word die problematiese saak van kerkvernuwing op die tafel geplaas. Vanuit die basies aanvaarde uitgangspunte van die Praktiese Teologie word in deel I, hoofstuk 3, 'n stewige teologiese teorie gebied vir die formulering van basisteorieë. In deel II, hoofstuk 3, word al die praktiese aspekte van gemeentebou as 'n prosesmatige gebeure beskryf.

Op die vakgebied gemeentebou is hierdie boek van Nel nie net 'n voortreflike fundering van die saak gemeentebou nie, maar tegelyk 'n Praktiese Teologie handboek wat ten volle bruikbaar vir die gemeentelike praktyk is. Nel het met hierdie publikasie beslis verdien om die Andrew Murray-prys te ontvang.

Nel se boek gee oorsigtelik 'n beeld van die vak gemeentebou, maar klee sy teorieë en praktykmodel so in, dat dit 'n handboek is wat elke gemeente as breë riglyn vir gemeentebou kan benut.

Sy vertrekpunte vanuit die Skrif en die wyse waarop hy die Skrif hanteer, maak dié boek beslis 'n *teologiese werk*. Sy `teologiese teorieë' wat grondvat, maak dit 'n goeie `prakties-teologiese' werk.

Die sistematies-duidelik-geordende wyse waarop Nel werk, maak die boek toeganklik vir alle teoloë. Hy slaag veral daarin om baie duidelik 'n sinvolle, werkbare, aanvaarde definisie vir gemeentebou te gee.

Nel se aanpak van gemeentebou in aansluiting by reeds bestaande basis-teorieë van die Praktiese Teologie, lei daartoe dat gemeentebou nie gesien word as 'n nuwe saak in die kerk nie, maar as 'n wyse om die reeds bestaande werk op 'n doelgerigte, geordende wyse te doen binne die raamwerk van die presbiteriaal-sinodale struktuur.

Sy beskrywing van gemeentebou as prosesmatige gebeure met die oog op diens aan



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

God, aan mekaar en die wêreld is 'n sterk Bybels-gefundeerde uitgangspunt om die kerk te laat wees soos dit in die Bybel beskryf word.

Die enigste leemte in die boek is dat Nel die gemeente-analise proses van Callahan aanvaar sonder dat die meriete daarvan in diepgang bespreek word.

Nel se Gemeentebou behoort op elke predikant se rak te wees en sy inhoud behoort deel van alle kerke se denke ten opsigte van gemeentefunksionering te word.

**Boekbesprekings / Book Review**

---

In die geheel gesien openbaar die boek te veel gebreke om aanbeel te kan word. Die skrywer suggereer dat die werk eintlik nog in ontwikkeling verkeer. 'n Mens staan daarom verbaas dat dit reeds in publikasie verskyn.

---